# Hoofstuk van die dag: Jesaja 27

> *Daardie dag sal die Here sy oes inbring van die Eufraat af tot by die grens van Egipte, en julle, Israeliete, sal die koringare wees wat één-één opgetel word. (vers 12)*

'n Mens kan jou net verbaas oor God se oneindige liefde en

geduld met ons. Israel (die Noordelike Ryk) het al sy kanse verspeel en is uiteindelik deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer; ’n ballingskap wat veel erger vir hulle voortbestaan was as die Babiloniese ballingskap wat die Ryk van Juda later getref het. Maar steeds nooi God (vers 5): Kom maak vrede met My! En sien ons sy Seun aan die kruis sterf vir ons, wat dit nie werd is nie. Ons het immers almal gedwaal soos skape (Jes 53:6). Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie (Rom 3:12).
Die hartseer is dat die meeste mense nie van hierdie ruim aanbod van vergifnis gebruik maak nie. Wanneer die Here sy oes inbring, sal daar maar min wees – nie gerwe nie, maar een-een (vers 12).
Dis Here is ernstig as Hy in die Tweede Gebod sê Hy eis onverdeelde trou aan Hom, of, soos die 2020-vertaling vertaal, Hy is ’n besitlike God (Eks 20:5). Dit geld vandag nog, ook vir ons.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026